# Die Vroeë Jare van Engeland








Belangrike woorde:
- Die Kelte
- Druïdes
- Angel-Saksers
- Beowulf



© My Gekiedenis Avontuur

# Die Vroeë Jare van Engeland

Onthou jy nog vir Julius Caesar? Hy was mos deur seerowers ontvoer. Hy was ook die eerste konsul wat alleen oor Rome regeer het. Voordat hy keiser geword het, het hy ook 'n veldtog na Brittanje gelei, om die Romeinse grens nog verder uit te brei en om nog meer die volk se guns te wen. Hy was ook gretig om sy hande op die hulpbronne wat Brittanje kon bied, te lê. As jy nie weet nie, kry 'n kaart. Sit jou vinger op Italië. Begin dan na links (in 'n westelike rigting) te beweeg tot by die einde van Europa. Dan gaan jy oor die see tot by 'n groterige eiland. Brittanje is die klein eiland wes van die Europese kontinent.

Toe Julius Caesar by Brittanje aankom, het hy 'n vreemde groep mense daar ontmoet. Hulle was die barbaarse stam, die Kelte. Hy en sy manskappe het 'n snaakse gesig gesien toe hulle aangevaar kom oor die kanaal wat die eiland van die kontinent skei. Die manne se lywe was heeltemal blou geverf en hulle hare was baie lank. Hulle het ook lang snorre en baarde gehad. Hierdie manne het op strydwaens gestaan, met indrukwekkende ronde en langwerpige skilde, reg om te veg.

Wie was hierdie Kelte? Hulle was die eerste mense wat hulself gevestig het op hierdie eiland wat die naam "Brittanje" van die Romeine geërf het. Die Romeine het daarin geslaag om 'n klein kolonie op die eiland te vestig, maar ná die val van Rome, het die Kelte hulle weer verdryf.

Die Kelte het in groot groepe gebly en hulle geboue was baie naby aan mekaar gebou. Hulle huise was rond met grasdakke. Hulle was meestal boere en veewagters, maar ook vegters as dit nodig was. Hulle het geldstukke van silwer en brons gebruik. Hulle klere was óf 'n tuniek óf 'n lang broek wat van wol of linne gemaak was. Die belangrikste mans het hulle rykdom gewys met die juwele wat hulle gedra het. Hulle het halskettings van goud wat soos gedraaide tou gelyk het, asook pragtige borsspelde, gedra.

Hulle het natuurgode wat in heilige eikebosse geleef het, aanbid. Die priesters was geheimsinnige druïdes wat van dorp na dorp beweeg het. Hulle was erg bygelowig en het geglo in towerspreuke en towerdrankies. Die Kelte het nie hulle geskiedenis en stories neergeskryf nie. Dit was die druïde se werk om dit te leer en mondelings oor te lewer.

© My Gekiedenis Avontuur

Daar was ’n groot koning met die naam Vortigern. Dit is nie seker of hy bestaan het nie, maar volgens oorlewering het hy oorlog gemaak teen ander stamme in die land. Hy het iets gedoen wat hy later sou berou. Hy het ander barbaarse stamme vanuit die noorde van Europa genooi om hom te kom help veg in ruil vir land. Hierdie stamme se name was die Angele en die Saksers. Dit het hierdie stamme gepas want in Noord-Europa het die weer begin kouer word en het die lewe al moeiliker geword. Meer en meer Angele en Saksers het hul op die eiland gevestig. Hulle het uiteindelik die Kelte verdryf na Ierland en Skotland. Hulle het die eiland Angeland genoem, wat uiteindelik Engeland geword het.

Die Angel-Saksers was teen 500 n.C. die meesters van Engeland. Hulle het in groot, reghoekige houthuise gebly wat ook grasdakke gehad het, soos die Kelte se huise. Hulle het baie in gemeen met die Kelte gehad. Hulle was ook terselfdetyd boere en vegters. Hulle het ook mense gehad wat storievertellers was, want hulle het ook nie stories neergeskryf nie.

Die tydmasjien laai jou juis by so ’n reghoekige huis af sodat jy na een van hierdie stories kan luister. ’n Klomp families sit om ’n vuur en luister na ’n storieverteller. Die storie, wat ’n baie lang gedig is, gaan oor ’n koning met die naam Beowulf. Sy naam beteken ‘bye-wagter’ in Oud-Engels. Jy begin aandagtig luister na die storiever-teller:

Daar was eendag ’n koning, Hrothgar was sy naam,
Hy het klomp, brawe manne gelei sonder skaam.
Hulle krag en mag was wel bekend;
En stories van bravade kon aangaan sonder end.
Hrothgar was so trots dat hy ’n saal gebou het,
Met matte en skilde wat almal kon oplet.
Die vure was warm. Die dak mooi geteel,
En daar het hy en sy manne gefees en gespeel.
Elke aand het hulle lekker geëet en gedrink;
Dan hul matte uitgerol om in slaap in te sink.
Die saal was hoog op ’n berg gebou
En almal kon die lig uit die vensters aanskou.
Maar ver daarvandaan in moeras het geleef,
’n monster wie se naam almal laat bibber en beef.
Sy naam was Grendel, hy was harig en skraal;
So groot soos twee bome en lelik en kaal.
Van ver af het hy gewaar, die mooi lig
En sy skrefies oë na die verligte saal gerig.

Op teen die berg het hy stadig geloop,
Die deur laat kraak soos hy afwagtend hoop.
Hy het een man opgetel en net daar geëet;
Nog vyftien was sy aandete soos hy gulsig hul vreet.
Toe vat hy die pad, terug na die moeras.
Die volgende oggend was die manne verras;
Hulle het die spore probeer volg sonder geluk
En hulle vriende gerou terwyl hulle oor hulle grafte buk.
In die dag was hul braaf, maar in die aand was hulle bang,
Want Grendel het elke aand soldate kom vang.
Uiteindelik het Hrothgar 'n gewilde vegter laat kom.
Sy naam was Beowulf, hy het ore laat drom.
Om die monster te veg, hy was heel bereid
En sterk genoeg vir die aaklige stryd.
Met sy eie manne slaap hy een aand in die saal,
En wag al wagtend vir die moster so kaal
Hy het nie 'n swaard of 'n skild of 'n byl.
"Met my hande sal ek deur hierdie geveg seil!"
Laat die aand kom die monster so stil,
Die geslote deur breek hy maklik soos 'n bril.
Sy skreeu laat die manne  se lywe stokstyf;
Hul harte klop so vinnig soos vyf.
Maar Beowulf is nie bang vir hierdie gemors.
Hy gryp Grendel se arm onder arm en bors.
Hy draai dit en draai dit tot dit reg afval;
Grendel rol by die heuwel af soos 'n woeste bal.
Uiteindelik is hy dood in sy stinkende moeras
En terug in die saal word die bloed afgewas
Terwyl almal Beowulf se lof hardop sing:
'Grendel is dood! Dis vir jou 'n ding!"
In vrede kon Hrothgar weer eet en weer drink
En heildronke op Beowulf se bravade laat skink
Hy gee hom 'n wapenrusting van pragtige goud
En storievertellers bewaar sy heldedaad sonder fout:
"Lank leef Beowulf, die man sonder vrees,
Mag elke man so braaf soos hy wees."

Almal herhaal die laaste deel van die gedig soos 'n refrein. "Lank leef Beowulf, die man sonder vrees; Mag elke man so braaf soos hy wees." Terug in die tydmasjien kan jy net een ding dink: "Wat 'n mal storie!"

Die tydmasjien leer jou dat, omdat hierdie stamme nie hulle stories neergeskryf het nie, 'n tyd in die geskiedenis begin wat bekend staan as die "Donker Eeue": 'n tyd waarvan ons nie baie weet nie.

# Vrae en antwoorde:

Vra die volgende vrae aan jou kind om te bevestig hoeveel hy/sy verstaan het. Dit hoef nie die presiese woorde te wees nie. Help jou kind om in volsinne te antwoord.

1. Watter barbaarse stam het Julius Caesar in Brittanje teëgekom?
Julius Caesar het die Kelte in Brittanje teëgekom.

2. Hoe het hulle gelyk?
Hulle lywe was blou geverf en hulle het lang snorre en baarde gehad.

3. Watter tipe gode het hulle aanbid?
Hulle het natuurgode aanbid wat in heilige eikebome gebly het.

4. Hoekom het die Angel-Saksers na Brittanje verhuis?
Die weer het al in Noord-Europa slegter geword en die Kelte het hulle oorgenooi om hulle te kom help veg.

5. Waar het Engeland sy naam vandaan gekry?
Die Angel-Saksers het eers die land Angelland genoem en dit het na Engeland verander.



# Die Vroeë Jare van Engeland

# Prente vir blad en tydlyn

Knip die prente uit en gebruik op jou blad en tydlyn.



'n Voorbeeld van 'n Keltiese skild



Min of meer 700 n.C.
Beowulf, die oudste voorbeeld van
Engelse Literatuur




410-560 n.C.
Angel-Saksers trek
na Suid-Brittanje.



'n Voorbeeld van 'n Keltiese skild




410-560 n.C.
Angel-Saksers trek
na Suid-Brittanje.



Min of meer 700 n.C.
Beowulf, die oudste
voorbeeld van
Engelse Literatuur

# Aktiwiteite

1. Maak ‘n Keltiese halsnoer.

Speelklei
Goue verf

Maak jou speelklei. Verdeel dit in twee dele. Rol die dele onder jou hand om slange te vorm. draai die twee ‘slange’ om mekaar. Dit moet soos gedraaide tou lyk. Vorm dit om jou nek om seker te maak dat dit sal pas. Maak die twee punte in ronde balle.

Plaas die klei in die son en wag tot die klei droog geword het. As dit droog is dan kan jy dit goud verf.

2. Memoriseer uitdaging

Die gedig van Beowulf was 3,182 reëls lank! Kan jy dink dat een iemand so baie kan memoriseer en oorvertel? Kyk hoeveel van die Beowulf gedig kan jy memoriseer. Miskien kan julle dit ’n kompetisie maak tussen jou familielede.

Luister na ‘n oudio weergawe van Beowulf:
https://www.youtube.com/watch?v=_K13GJkGvDw

3. Kopiewerk

Kopieer die gedeelte van die Beowulf se storie.

© My Gekiedenis Avontuur

# My Keltiese Halsketting








Ⓒ My Gekiedenis Avontuur

# Kopiewerk



© My Gekiedenis Avontuur

# Kopiewerk

Daar was eendag ’n koning,
Hrothgar was sy naam,
Hy het klomp, brawe manne
gelei sonder skaam.
Hulle krag en mag was wel
bekend;
En stories van bravade kon
aangaan sonder end.
Hrothgar was so trots dat hy ’n
saal gebou het,
Met matte en skilde wat almal
kon oplet.